

Tema: Leef eerlik en met 'n skoon gewete want God ken alles – ook jou geheime.

Vooraf sang

Ps. 33-2: 1, 5

Ps. 34-1: 1, 6

Ontmoetingsdiens

Intreelied Ps. 32-1: 1

Seën

Lofsang Ps. 139-1: 1, 3, 6

Gebed

Woorddiens

Skriflesing: Lukas 12: 1 - 3

Belydenis: Heidelbergse Kategismus Sondag 43

Woordverkondiging

Antwoorddiens

Sing biddend Ps. 26-1: 2, 3

Liefdegawes

Gebed vir BnB

Sing Ps. 139-1: 12

Seën

Amenlied Sb 13-2.

Geliefde brs en srs en kinders

Die “Panama Papers” skandaal is die grootste uitlek van mense se persoonlike finansiële geheime in die geskiedenis. Iemand in ’n Panamese regsfirma het 11,5 miljoen geheime finansiële dokumente (2,5 TB se data) openbaar gemaak wat dateer vanaf 1970 tot 2015. Oor die 140 bekende politici, openbare figure, kriminele en film- en sportsterre van meer as 40 lande se finansiële geheime is oopgevelek. Dit gaan hoofsaaklik oor onwettige finansiële transaksies om belasting vry te spring deur jou geld weg te steek. Ysland se eerste minister moes dadelik bedank toe sy wandade aan die lig kom.

Die openbaarmaking van hierdie geheime het die wêreld geskok en het geweldige implikasies vir die mense wat hierby betrokke is. **Maar hierdie openbaarmaking is nie die grootste wat daar ooit sal wees nie! Ons teksvers praat van ’n dag wat alles wat in die geheim is, van die dakke af openbaar gemaak moet word.**

En nou is die vraag: Wat is daar in jou lewe wat jy nie wil hê ander mense moet van weet nie? Steek jy iets weg wat liewers nie moet uitkom nie? Wat sal jy nie wil hê moet so vir almal bekend gemaak word nie? Het jy gedagtes, of iets gedoen of gesê wat jy nie wil iemand anders moet hoor nie?

Geliefdes, kom ons ondersoek ons eie lewenswandel en vra of dit waarmee ons ons besig hou sonder skaamte van die dakke af verkondig kan word. Want die Here het ’n afsku in skynheiligheid en wil dat gelowiges eerlik en met ’n skoon gewete lewe.

En daarom is die tema van die Woordverkondiging vanaand: Leef eerlik en met ’n skoon gewete want God ken alles – ook jou geheime!

Die Here Jesus het reg van die begin van sy bediening die skynheilige lewe van die Fariseërs en Skrifgeleerdes skerp veroordeel. Die woord wat hier vir skynheilig gebruik word hou verband met ’n masker wat hulle in daardie tyd in toneelspel gebruik het. **Jy sit ’n masker met ’n vriendelike gesig op, maar eintlik is jy kwaad! Jy toon iets wat jy nie is nie!** In Afrikaans sal ons sê: so iemand is ’n tweegesig. So was die Fariseër en die Skrifgeleerdes. Hulle het ’n **oneerlike leefwyse** gehad omdat hulle na buite of in die openbaar op ’n sekere manier gepraat of opgetree het maar dan in die geheim of in die binnekamer anders gedoen en gesê het.

Of hulle sekere godsdienstige reëls vir die gelowiges streng voorgehou maar dan nie self daarvolgens geleef nie. Hulle “ja” was net eenvoudig nie “ja” nie en hulle “nee” nie “nee” nie! Hulle was dus net nie opreg en eerlik in hulle optrede nie!

Dit is ook opmerklik dat Jesus hulle optrede hier vergelyk met suurdeeg. Die bedoeling was om te wys hoedat 'n klein klompie mense se verkeerde voorbeeld baie mense kan beïnvloed net soos wat 'n klein stukkie suurdeeg 'n groot bondel deeg kan laat rys. Die feit dat duisende mense opgedaag het om na Jesus se prediking te luister en Hy hom in die verband - voor al die duisende - net tot sy dissipelkring rig, het ook hierdie metafoor in die oog. Sy klein dissipelkring van 12 se optrede moet – soos suurdeeg - duisende mense positief beïnvloed en nie negatief beïnvloed soos die klein groepie Fariseër en Skrifgeleerdes dit doen nie!

Jesus wil dat sy dissipels en alle gelowiges eerlik en opreg lewe. Jy moet nie 'n masker dra nie! Jy moenie iets wegsteek nie of iets voorgee nie! Jy moet eenvoudig opreg en eerlik wees in jou denke, jou woorde en jou optrede.

Hoekom? Want God weet alles! Hy ken jou diepste geheime en daar is niks wat jy dink of doen of sê wat God nie van weet nie! Ons het dit gesing uit Ps. 139! Die Here weet alles nog voordat ek dit dink of doen!

Brs en srs, daar is twee maniere waarop jy op hierdie Alwetendheid van God kan reageer! 1. Jy kan jou lewe lank bang en van God af wegvlug en vrees dat God jou gaan uitvang en jou geheime uitgelap gaan word OF 2. jy kan jy jou toevlug na God neem OMDAT HY ALLES WEET!

Die Spreuke digter stel dit baie spottend in hf 10:20 “Moenie die koning verwens nie, nie eens in jou gedagte nie, moenie die ryke verwens nie, nie eens in jou slaapkamer nie; die voëltjies kan oorvertel wat jy gesê het, hulle kan jou woorde oordra.” Dit is 'n pragtige manier om God se alwetendheid te beskryf.

Die genade van God lê juis daarin dat Hy alles van die mens weet. Hy weet hoe sondig ons is en dat ons nodig het om van sonde, sondige geheime en lelike dinge verlos te word. **Juis daarom het Hy Jesus na ons toe gestuur sodat Christus met sy verlossing werk vir ons 'n lewe van reinheid, eerlikheid en opregtheid kan bewerk.** Nou kan ons juis ons **sondige geheime voor God neerlê, ons kan ons oneerlikheid en ons skynheiligheid voor Hom bely en vergifnis vind.**

Maar meer nog: nou kan ons, gelei deur die Heilige Gees, uit dankbaarheid leer om eerlik en opreg so te leef. Dit is waarom die Here ook hierdie riglyn in die negende gebod vir ons gegee het. Die negende gebod gaan nie net oor valse getuienis lewer teenoor iemand nie! Dit gaan om jou totale lewens want wat opreg en eerlik moet wees. Die Kategismus stel dit mooi: “In alle handeling moet ek die waarheid liefhê, en opreg wees in wat ek sê en bely!”

Brs en srs, dit gaan dus om 'n opregte en eerlike hart! Dat ek nie voor mense skynheilig en oneerlik optree nie en nog minder voor God! Dat ek nie maskers dra nie en dat ek nie iets vir mense hoof weg te steek nie! Want dan hoof ek nie met

'n skuldige gewete te loop of te vrees dat iemand ook dalk eendag my "Panama Paper" openbaar gaan maak nie!

Brs en srs, ons moet fyn let op ons lewe. Die suurdeeg van skynheiligheid het dalk ook al diep in ons lewe ingewerk. Ons sien dit in die samelewing. Hoe iemand se verkeerde daade regverdig word of toegesmeer word. Hoe mense in die openbaar eenvoudig ontken dat hulle iets verkeerd gedoen het net om later aan die lig te kom dat die sonde wel gepleeg is. En dan nog sal daardie mense probeer om met allerhande jakkalsdraaie daardie waarheid te ontduik! Ons sien dit in hoe mense met valse motiewe met mekaar omgaan en nie hulle naaste se goeie eer of belange dien nie. Dit is soos 'n kanker wat ons samelewing vernietig.

Op watter maniere dink jy kan 'n mens skynheilig wees?

Met jou woorde – dat jy iets vir iemand sê – maar dit nie regtig bedoel nie! Wie van ons was nie al hieraan skuldig nie!

Dat iets vir die waarheid voorhou, maar eintlik is dit 'n leuen.

Dit jy in jou gedagtes 'n sekere opinie en in jou hart 'n slegte gesindheid teenoor iemand dra, maar voor daardie persoon laat jy niks hiervan blyk nie!

Of die teenoorgestelde: dat jy iemand heuning om die mond smeer – nie omdat jy dit bedoel nie, maar omdat jy daardie persoon wil oorreed om iets vir jou te doen.

Dat jy sekere dinge doen, nie omdat jy van harte wil nie, maar dalk om mense te beïndruk of om valse beeld van jouself te skep om 'n sekere doel te bereik

Die ergste vorm van skynheiligheid is seker om jou sonde vir God te probeer wegsteek. Deur te ontken dat jy skuldig is, of sonde te regverdig of om sonde as menslik of verstaanbaar voor te hou!

Brs en srs , kom ons bekeer ons van hierdie oneerlike leefwyse en tree opreg op teenoor God en ons naaste! Want ons moet een waarheid nie vergeet nie!

Jesus sê daar is geen oneerlike gedagte, woord of daad of iets slegs wat jy geheim wil hou wat nie eendag geopenbaar gaan word nie. My en jou geheime gaan van die dakke af verkondig word. Dit gaan dus aan die hele wêreld bekend word – net soos hierdie mense se finansiële geheime nou aan die hele wêreld bekend geword het met die Panama Papers skandaal. Dit gaan gebeur op die oordeelsdag. Die dag wanneer God rekenskap eis van elke mens!

Ons lees in Sprenke 12:14 "God sal rekenskap eis oor alles wat gedoen word, ook oor wat in die geheim gedoen word, of dit goed is of kwaad." Ook in Romein 2:16 lees ons "dit sal aan die lig kom op die dag wanneer God deur Christus Jesus oor die verborge dinge van die mense sal oordeel..."

Van elke gedagte, woord en daad gaan ek en jy eendag rekenskap doen. Ook dit wat ons nou dink ons vir God en mense kan wegsteek, ook dit gaan God openbaar! Ons gaan rekenskap doen.

Ek en jy kan op twee maniere op hierdie waarheid reageer: 1. Ek kan – in die lig van die komende rekenskap – twee keer dink voor ek sondig. Twee keer dink voor ek iets in die geheim wil doen.

Of 2. **Geliefdes, mag hierdie werklikheid ons des te meer na God toe dryf!** Dat ons des te meer nie oneerlik of skynheilig wil leef nie, maar dat ons by God in Christus vergifnis vind en leer om opreg te lewe! Dat ons waarlik soos by elkeen van ons se doop gebid is "dat ons sonder vrees voor die regterstoel van God kan verskyn". Rekenskap gaan ons gee, maar in Christus is daar vir ons nie veroordeling nie, maar vryspraak!

Brs en srs, juis omdat God se genade so groot is: leef voor Hom en voor elke mens eerlik, opreg en sonder geheim, sonder maskers! Dan hoef jy niks te vrees nie.

Amen